



Hulp dokumente om makliker te werk.
Documents to assist and explain procedures.



Inlees van Excel spanlys

Om herhalings en kommunikasie te verminder gebruik die volgende 5 stappe as 'n spanlys in Excel formaat ontvang word. Die hele proses neem minder as 15 minute vir enige span.

1 Vooraf.

Sodra 'n spanlys ontvang word, maak dit eers oop en gaan die volgende na:

Op die Span bladsy moet die naam en afkorting ingevul wees.

Vermyn lang name en gebruik LS of HS
In plaas van Laerskool of Hoërskool.

Elke span se afkorting moet uniek wees.

Span inligting	
Naam	LS Almal
afkorting	LSA
Bestuurder	
Adres	
Doorn/Stad	

Op die Manlike n Vroulik bladsye is die ouderdomme slegs 'n syfer.

Alle ouderdomme is ingevul selfs al herhaal dit.

Alle name/voorletters en vanne is ingevul.

Vermyn baie lang name of volle name en lang vanne.

Dit veroorsaak dubbel lynne op die lotingskaarte.

Enige naam of van langer as 25 karakters word verwyder met die inlees.

Geen oop lynne tussen atlete nie.

(As daar 120 atlete is met 'n oop lyn tussen atleet 16 en 17, sal net die eerste 16 ingelees word.)

Vir onmiddellike beskikbaarheid in die program, stoor die spanlyste in C:\Atletiek\Invoer. Hierdie gids bestaan reeds met die installasie van die program. Dit kan enige ander gids ook wees maar u moet seker wees waar dit is en dat dit opspoorbaar is. (Ek gebruik subgidse onder Invoer vir verskillende byeenkomste soos C:\Atletiek\Invoer\GautengHS vir Gauteng Hoërskole.)

Vir maklikke herkenning gebruik die span se naam of afkorting as die naam van die spanlys. Dit kan ook in ou of nuwe Excel format wees. Dus iets soos **Enige een.xls** of **LS Enige-een.xlsx**

Maak slegs ooglopende foute reg maar stuur dit terug as daar groot foute waargeneem word.

Byeenkoms Nommer	Ouderdom	Naam of voorletter(s)	Van
14	Jan	Botha	
19	Koos	Nel	
15	PJ	du Preez	

2 Inlees.

Gebruik **Spanne** en klik dan bo op **Invoer**.


Spanlyste word regs vertoon.

As ander gidse gebruik word gebruik die soek areas om die lyse te kry.

Klik op die span wat ingelees moet word en wag vir die inligting om te vertoon.

Gaan die span se naam en afkorting na en kyk of die aantal atlete se syfer reg lyk.

As enige iets verkeerd lyk, kansleer en maak dit eer reg in Excel.



As alles reg is, klik op **Invoer** en wag tot dit klaar is.

Herhaal vir alle spanne wat ingelees moet word.

3 Verifikasie.

klik op **Atlete**.

Kies die span links.

Klik op 'n atleet.

Klik onder op **Program Items**.
(Dit verkort die lys tot net die items beskikbaar op die program.)

Kyk of die items geregistreer is.

Dit is net nodig om 'n steekproef te doen.

Spanne	Atlete	Loting	Invoer	On
Span	Makarlinge, PH		Items: 2	
Ekurhuleni East D5	Naam	Van	Geslag	Oud Nom ID
Ekurhuleni North D17	LA	Khophe	D	19 2002/08/08
Ekurhuleni South D6	Z	Khumalo	D	17 2003/05/23
Gauteng North D1	T	Madlolo	D	17 2003/11/23
Gauteng West D2	LN	Mafuma	D	15 2005/12/17
Johannesburg Cen D14	Zinhle	Makamba	D	19
Johannesburg East D9	PH	Makarlinge	D	19 2002/12/20
Johannesburg Nor D10	H	Manase	D	17 2004/04/28
Johannesburg Soi D11	K	Mapfumo	D	17 2004/04/04
Johannesburg W/e D12	T	Maseko	D	17 2003/06/24
Sediberg East D7	MM	Matlale	D	19 2002/12/20
Sediberg West D8	B	Mbatha	D	15 2007/04/11
Tshwane North D3	P	Mbutshishi	D	15 200
Tshwane South D4	T	Mbuyana	D	17 2003/11/15
Tshwane West D15	KA	Mdluli	D	15 2005/09/02
	G	Mgwabi	D	19 2001/05/14
	TF	Mhlambi	D	19 2002/03/15
	BP	Mkandla	D	19 2002/12/31
	ANP	Mkhwanazi	D	17 2004/11/30
	B	Mlotshwa	D	17 2003/12/10
	R	Mogale	D	17 2003/09/10
	PB	Item		
		100m D-19	P	
		200m D-19	P	
		400m D-19	P	
		800m D-19	P x	
		1500m D-19	P	
		3000m D-19	P	
		5000m D-19	P x	
		100mH 84,0 cm C	P	
		400mH 76,2 cm C	P	
		3000mH 76,2 cm	P	
		VS D-19	P	
		HS D-19	P	
		DS D-19	P	
		PS D-19	P	
		GS 4 kg D-19	P	
		DG 1 kg D-19	P	
		SG 600 g D-19	P	
		HG 4 kg D-19	P	
		10kmS D-19	P	

Die persoon verantwoordelik vir die span doen die volle verifikasie in die laaste stap.

4 Terugvoer.

Vanaf die hoofskerm klik op **Verslae**. En dan op **Spanne**.

Haal die merk af by **Alle spanne**.

Merk die opsie **Sluit atlete in wat nie geplaas is nie**.

Kies die volgorde nodig. Ek gebruik gewoonlik die opsie **Geslag, Ouderdom, Alfabeties**.

Regs is die spanne. Klik op **Merk Geen** en merk dan net die span nodig.

Klik op **Vertoon**.

Sodra die span vertoon word klik op **Kanseleer** en dan op die **Redigeer** opsie.

Die spanlys vertoon dan in MS Word maar as .rtf formaat.

Stoor dit as .doc of .docx dokument met die span se naam op enige plek en stuur dit vir die persoon verantwoordelik vir die span. Vra dat dit nagegaan moet word en gee 'n keurdatum vir enige veranderinge.

Die verantwoordelikheid vir korrekte spelling, ouderdomme, item inskrywings, ens. lê by die spanbestuurder en nie by verslag nie.

5 Aflosse.

Hierdie laaste stap is slegs nodig indien daar aflos items op die program is.


Aflosse word geregistreer vir spanne op dieselfde manier as wat items geregistreer word vir atlete.

Alhoewel daar op die sigblad 'n bladsy is vir aflosse, word dit net gebruik vir toetsing en word dit nie geregistreer tydens die inlees proses nie.

Die aflosse kan vir elke span gehanteer word of dit kan global gedoen word nadat alle spanne ingetrek is.

Gebruik die **Spanne** opsie en klik dan op die span benodig.

Alle moontlike aflosse word vertoon.





Hulp dokumente om makliker te werk.
Documents to assist and explain procedures.



Verkort die lys deur op **Prog. Items** te kliek. Dan vertoon slegs die aflosse vir die byeenkoms.

Vir globale registrasie kliek op **Registreer alle Aflosse**. Dit voeg alle aflosse by vir al die spanne.

Daar kan enkele aflosse bygevoeg of geskraap word deur op die aflos te kliek.

Spanne		Atlete	
Span	Afkort	PB	Item
Noord-Kaap	NK		4x100m D-10 P x
Noord-Transvaal	NT		4x100m S-10 P x
Noordwes	NW	x	4x100m D-11 P x
Omega	OM		4x100m S-11 P x
Oos-Transvaal	OT		4x100m D-12 P
Sentraal Transvaal	ST		4x100m S-12 P x
			4x100m D-13 P
			4x100m S-13 P x
			4x100m D-14 P x
			4x100m S-14 P x
			4x100m D-15 P
			4x100m S-15 P x
			4x100m D-16 P
			4x100m S-16 P x
			4x100m D-17 P x
			4x100m S-17 P x
			4x100m D-18 P x
			4x100m S-18 P x
			4x100m D-19 P
			4x100m S-19 P

‘n Vol rooi lys is ‘n geregistreerde aflos..

‘n 50% is in aflos wat bevoeg sal word..

‘n 25% rooi lyn is ‘n aflos wat verwyder sal word.

Kliek op **Stoor** om die verandering te maak.

Waarskuwing: as daar aflosse op die program is en geen aflosse is gemerk by enige span nie, kan daar tydens die loting van alle items ‘n foutboodskap gegee word.